

THABAZIMBI – Die Super KunsteGrot op Thabazimbi was Vrydag volgepak vir die een-man vertoning “Groet die Grotheld”, uit die pen van Frans Swart, wat voorwaar Suid-Afrika se “Klugkoning” is en ook die regie van die Grotheld waargeneem het. Hierdie is beslis nie ‘n opvolg op Groet die Grotman nie. Daar word wel van die oer-grotgewoontes, wat vandag nog steeds in alle families en verhoudings relevant is as basis en die tema vir die produksie gebruik gemaak. Hierdie grot verwys eerder meer na die “Man-grot” waar die manne saam kan bier drink en rugby kyk.

Gert Struwig is die Grotheld. Gert is ook ‘n Bloubul en sy hele bestaan gaan om rugby - wat natuurlik lekkerlagtye tot gevolg het. Maar dan is daar ook ‘n kinkel in die kabel! Die robuuste spel rugby, word gebruik as metafoor om die vraag te beantwoord: “Is ek my seuntjie se held?”

Die toneelstuk begin dan ook met ‘n TV opname van vier seuntjies wat stry oor wie se pa die beste en die grootste held is.

Gert Struwig, gespeel deur die briljante Cobus Venter, is ‘n rêrige-êrige Grotman. Hy is beslis nie ‘n metroman nie. Naas die Bybel, is rugby sy grootste aanwyser. Hy beplan sy braais, sy gesin, sy partytjies en sy gesin se aktiwiteite rondom rugby. Sy lewe draai om rugby. Sy helde is rugbyspelers. Sy bestaan is rugby. ‘n Eg tipiese Suid-Afrikaanse man! Skaterlag tye saam met die Grotheld en ‘n komiese kykie na Suid-Afrikaanse rugby. Dis so eg Suid-Afrikaans soos biltong, boerewors en natuurlik die Blou Bulle! Maar dan gebeur die lewe en Gert se bestaan word dramaties verander met sy eie vraag: “Is ek ‘n Grotheld?”

Die aand is afgesluit met ‘n heerlike bekertjie sop en sjerrie veskaf deur Hannes Coetzee, eienaar van Thaba Superspar.

#### Foto 1

Rita van die KunsteGrot, wat vir die reëlins vir al die aktiwiteite by die KunsteGrot verantwoordelik is, verdien ‘n groot kompliment vir die uitstekende produksies wat by die KunsteGrot aangebied word. Ondersteun haar gerus in haar pogings om goeie verhoogproduksies asook die nuutste Afrikaanse Rolprent vrystellings te vertoon. Saam met haar op die foto is Cobus Venter wat die rol van die Grotheld gespeel het.

#### Foto 2

Die hele produksiespan saam met Rita (voor). Van links agter: Cobus Venter (Grotheld) saam met Antoinette Pfister en die verhoogbestuurder, Gustav van Rooyen.

#### Foto 3

Talla en Mariaan, twee van die toegewyde KunsteGrot –gangers.

#### Foto 4

Franco Loots (middel), een van die KunsteGrot se vrywillige helpers saam met Ernst en Louise Kotze wat nie maklik ‘n opvoering by KunsteGrot misloop nie.

#### Foto 5

Ds Dirk Laufs en sy vrou Ronel tel ook onder die gereelde KunsteGrot-gangers. Ondersteun vir Rita om van die land se voorste produksies hier op Thabazimbi te kry.

Byna al die produksies is reeds met groot sukses by die KKNK, Aardklop of Inni Bos Fees aangebied.